

# GENESING VAN 'N GERBROKE HART

Sewe Stappe om van Rou te Herstel



Deur Timothy R. Jennings, M.D.

# GENESING VAN 'N GEBROKE HART

Sewe Stappe om van Rou te Herstel



Deur Timothy R. Jennings, M.D.



**Genesing van 'n Gebroke Hart:**  
**Sewe Stappe om van Rou te Herstel**  
Deur Timothy R. Jennings, M.D.

Vertaling en proeflesing deur Jacques van den Heever, Rene Winter, Jolanda Niemann, Johan van den Heever  
Redakteur: Jacques van den Heever  
Gepubliseer deur: Lennox Publishing

Kopiereg © 2026 deur Come and Reason Ministries. Alle regte voorbehou.

4922 La Collina Way, Suite 100  
Collegedale, TN 37363  
comeandreason.com  
southafrica@comeandreason.com  
423-661-4734

Uitgegee in Suid Afrika.

Skrifaaanhalings gemerk "NLV" is geneem uit die Nuwe Lewende Vertaling © 2006. Gebruik met toestemming van Christelike Uitgewersmaatskappy, Posbus 1599, Vereeniging, 1930. Alle regte voorbehou.

Skrifaaanhalings gemerk "AFR53" is geneem uit die Bybel in Afrikaans 1933/1953-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1933, 1953. Digitale uitgawe © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2012. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou. [www.bybelgenootskap.co.za](http://www.bybelgenootskap.co.za) / [www.biblesa.co.za](http://www.biblesa.co.za). Kontak: [copyright@biblesociety.co.za](mailto:copyright@biblesociety.co.za)

Skrifaaanhalings gemerk "AFR83" is geneem uit die Bybel in Afrikaans 1983-vertaling met herformulerings tot en met 1992 © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1983, 1992. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou. [www.bybelgenootskap.co.za](http://www.bybelgenootskap.co.za) / [www.biblesa.co.za](http://www.biblesa.co.za). Kontak: [copyright@biblesociety.co.za](mailto:copyright@biblesociety.co.za)

Skrifaaanhalings gemerk "AFR20" is geneem uit die Bybel in Afrikaans 2020-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou. [www.bybelgenootskap.co.za](http://www.bybelgenootskap.co.za) / [www.biblesa.co.za](http://www.biblesa.co.za). Kontak: [copyright@biblesociety.co.za](mailto:copyright@biblesociety.co.za)

Dr. Jennings is 'n raads gesertifiseerde psigiater en 'n Distinguished Life Fellow van die American Psychiatric Association, stigter en president van Come and Reason Ministries, mediese direkteur van die Honey Lake Clinic, en outeur van talle boeke, insluitend *The God-Shaped Brain*, *The God-Shaped Heart*, en *The Aging Brain*, waarin breinwetenskap met Bybelse beginsels geïntegreer word om genesing vir die verstand te bring.

ISBN: 978-1-0492-6856-9



## Dit was

Oujaarsaand 1993 toe my hart in stukke gebreek het. Ek was gestasioneer by Fort Gordon, Georgia, en was besig om my laaste jaar van psigiatriese opleiding te voltooi. In die somer van daardie jaar het ek en my eerste vrou ons sesde huweliksherdenking gevier, en soos die Nuwe Jaar nadergekom het, het ek uitgesien na die moontlikhede wat 1994 vir ons ingehou het—my graduasie van psigiatriese opleiding, die hoogtepunt van meer as 'n dekade se harde werk en opoffering, en die begin van my loopbaan as 'n volwaardige, onafhanklike weermag-psigiatr.

Oujaarsaand was veronderstel om eintlik 'n tyd van feesviering te wees, maar dit het nie so uitgedraai nie.

Op 31 Desember 1993 het my huwelik basies tot 'n einde gekom—my vrou het uitgetrek en egskeidingsdokumente is ingedien. Ek het daardie noodlottige dag met 'n swaar hart werk toe gegaan, wetende dat wanneer ek huis toe sou gaan, die huis leeg sou wees, die kat sou weg wees, en dat ek, in plaas daarvan om met 'n warm drukkies verwelkom te word, net 'n koue leë stilte sou ervaar.

Die nuwe jaar het skielik nie meer so helder gelyk nie—maar net toe ek gedink het dit is sleg, het dit nog baie erger geword.

Om 11:00 am is ek geroep om die hospitaaloperateur onmiddellik te bel.

Ek het gebel en is deurgesit na 'n verpleegster in die noodeenheid van 'n hospitaal in Chattanooga, Tennessee. Met angstige besorgdheid in haar stem het die verpleegster vir my gesê dat my vader oorlede is. Hy het 'n noodlottige aritmie gehad.

Ek kon die nuus skaars verwerk terwyl die verpleegster my verseker het dat hulle alles moontlik gedoen het, dat hy per ambulans hospitaal toe gebring is, dat hulle KPR gedoen het en hom verskeie kere defibrilleer het, maar sy hart wou net nie weer begin klop nie.

My pa was oorlede op 57. My vrou was besig om uit te trek.

My keel het toegetrek. Ek kon nie praat nie. Ek het begin huil.

Het jy al ooit seergekry? Was jou hart al gebreek? Het jy al pyn ervaar wat só intens was dat dit gevoel het asof jou binnegoed uitgeruk word? Hartseer so diep dat jy seker was jy sal nooit weer die sonlig van geluk sou beleef nie?

Ek kan jou uit my eie ervaring vertel: wat ook al jou hartseer, wat ook al jou pyn, wat ook al jou ontmoediging is—dit kán genees.

Maak nie saak hoe erg die pyn is nie—moenie opgee nie. Maak nie saak hoe diep of donker die depressie is nie, moenie ingee nie. Maak nie saak hoe hoog die helse skaduwees van wanhoop is nie, moenie opgee nie.

In plaas daarvan, onthou as jy Jesus vertrou, en jouself oorgee aan sy sorg, kan jy nooit in 'n krisis beland wat buite sy vermoë is om jou te genees, vry te maak en te red nie.

Wat ook al ons situasie is, Jesus is ons goddelike Helper; en as ons Hom vertrou, sal Hy ons na vrede toe lei. Wat ook al ons probleme is, Jesus is ons Raadsman en sal die perfekte oplossing voorsien. Wat ook al ons hartseer, verlies, droefheid of rou is, ons het 'n oneindige, vertroostende Vriend wat langs ons sal staan, ons styf vashou terwyl Hy die gebreekte stukkie van ons hart herbou—sterker as ooit tevore!

Ek kan *met sekerheid* sê dat dit God se begeerte is om jou wonde te genees, om jou gebroke hart te herstel, jou pyn te verwyder, en om jou heel te maak!

Maar sy genesing is nie towerkrag nie.

Sy ware genesing is die uitwerking van waarheid, wat binne die realiteit van jôu wese werk—jou hart, jou gedagtes/verstand, jou karakter en jou ervaring. Daarom sal God nie, Hy kan nie, sonder jou toestemming en samewerking in jou hart en verstand inbreek en dinge regmaak nie—nie sonder jou keuse om Hom te vertrou, om “ja” te sê, en om sy genesende oplossing in jou lewe toe te pas nie.


Hoekom nie?

Want as God sy krag sou gebruik om veranderinge in jou hart en verstand te maak wat jy nie self gekies het nie, dan sal Hy jou individualiteit vernietig, en jou unieke persoonlikheid uitvee en jou óf in 'n robot verander óf 'n heeltemal nuwe wese in jou plek skep.

God het jou te lief om dit te doen!

Daarom werk God volgens sy metodes—waarheid, liefde en vryheid—om ons na besluitspunte te lei waar ons self kies om sy krag en teenwoordigheid te omhels en in ons toe te laat, en sodoende transformasie en genesing van al ons geestelike, emosionele en geestelike wonde ervaar.

Hierdie kort tydskrif bespreek sewe stappe wat ons kan neem om met God saam te werk, sodat ons hier en nou ware, blywende genesing van ons harte kan ervaar. Terwyl jy hierdie stappe biddend deurlees, vat jou tyd, dink diep oor elkeen en oorweeg hoe jy dit op jôu lewe kan toepas.







## STAP EEN Wees eerlik.

**Soos wat ons genesing** soek vir ons emosionele wonde, is daar belangrike lesse wat toepaslik is waaruit ons kan leer vanuit die proses van genesing van ons fisiese wonde.

Byvoorbeeld, sodra 'n fisiese besering plaasgevind het—bv 'n snywond—kan ons dit nie ongedaan maak nie. Ons kan nie tyd terugdraai nie. Ons kry nie 'n "terugneem" of "oordoen" nie.

Sodra ons gewond is, het ons slegs drie opsies wat vir ons beskikbaar is:

- Ons kan die wond so effektief as moontlik behandel om die genesing so vinnig as moontlik te bevorder—die wond skoonmaak, ontsmet, toewerk, antibiotika toedien en verbande gereeld vervang totdat dit genees.
- Ons kan dit ignoreer—"Ek's is reg. Dit is oukei. Ek het niks nodig om te doen nie."
- Ons kan dit besmet en vererger—grond of mis daarin vryf.

Dieselfde geld vir emosionele wonde. Wanneer ons harte gebreek is, wanneer ons verlies ly, wanneer ons emosioneel seerkry en pyn ervaar, kry ons nie 'n oordoen nie; ons kan nie teruggaan en die verlies ongedaan maak nie. Ons het weer net drie opsies:

- Ons kan die emosionele besering, wond of verlies op die mees effektiefste manier behandel om genesing so vinnig as moontlik te bevorder.
- Ons kan dit ignoreer.
- Ons kan dit infekteer/vererger.

Toe "Jessica" my die eerste keer by die praktyk kom sien het, was sy depressief, het nie geslaap nie, sy het nie geëet nie, en het die hele tyd gehuil.

Sy was 27 en het 'n 13-maande oue baba gehad. Ses maande tevore het sy wakker geword en haar man dood langs haar in die bed gekry. Hy het in sy slaap aan 'n dodelike hartaritmie gesterf.

Jessica het haarself vir sy dood geblameer. Sy het vir haarself gesê: "As ek wakker was, sou ek gehoor het hoe hy ophou asemhaal. As ek wakker was, kon ek KPR gedoen het. Dit is my skuld dat my man dood is." Sy het konstant aan hom gedink, soos hy daar gelê het, koud en blou.

Na sy dood het sy 'n beursie laat maak met sy foto daarop en dit oral saamgedra. Sy het foto's van

hom in elke kamer van die huis opgehang. Sy het die hele tyd aan hom gedink.

Uiteindelik het sy vir haarself begin sê: "Ek kan nie sonder hom aangaan nie. Ek moes saam met hom gesterf het." Sy het selfmoord oorweeg.

Jessica was seergemaak, gewond en gebroke. Sy het werklike verlies beleef, en sy kon daardie verlies nie ongedaan maak nie. Sy kon nie die geskiedenis terugdraai nie.

Sy het net drie opsies gehad.

En, ongelukkig, in plaas daarvan om alles te doen om so vinnig en effektief as moontlik te werk om genesing te bring, was Jessica besig om haar verlies te infekteer met leuens, verdraaiings en optrede wat haar pyn vererger, haar denke verwar en genesing verhinder het.

Jesus het gesê: "En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak" (Johannes 8:32 AFR83). Jesus se woorde oor die waarheid wat vrymaak, is nie beperk tot geestelike waarhede en verlossing nie. Wat ook al die probleem is—waarheid genees.

Die waarheid is nie altyd aangenaam nie—dit kan selfs pynlik wees, soos die waarheid dat jy iemand verloor het. Maar om eerlik te wees, om deur die waarheid te werk, bring genesing en maak ons vry—vry van pyn, lyding, hopeloosheid en mismoedigheid. Vry om weer voluit aan die lewe deel te neem.

Ek het nog 'n pasiënt gehad, "Joe," wat besig was om van dikdermkanker te sterf. Dit was te laat vir behandeling, te wyd verspreid om te genees. Hy was sterwend.

Hy het my vertel dat dit 4 jaar vroeër begin het toe hy bloed in sy stoelgang gesien het. Hy het gehuiwer om dokter toe te gaan, omdat hy bang was dat dit kanker mag wees. Hy het vir homself gesê: "Dis net aambeie."

Joe het drie opsies gehad toe hy die bloeding gesien het:

- Wees eerlik—gaan dokter toe, identifiseer die ware oorsaak en hanteer dit om so gou as moontlik genesing te bring.
- Ignoreer dit.
- Infekteer dit.

Joe het ongelukkig gekies om dit te ignoreer.

Teen die tyd dat sy simptome só erg geword het dat hy dit nie meer kon ignoreer nie, het die kanker versprei en sy toestand was terminaal.

Joe se verhaal lig 'n kragtige lewenswaarheid uit:

**Ons kan die waarheid nooit vermy nie—  
ons kan net die dag uitstel wanneer ons dit in die gesig moet staar.**

Hoe langer ons uitstel om die waarheid te hanteer, hoe erger is die probleem gewoonlik wanneer

die realiteit ons dwing om dit te konfronteer.

Dit is die waarheid wat genees en vrymaak.

Nog 'n pasiënt, "John," kon nie slaap nie, kon nie eet nie en het dikwels gehuil. Hy het soos 'n verloorder, en 'n mislukkeling gevoel omdat sy vrou van sewe jaar hom pas vir 'n ander man verlaat het.

John het homself blâmeer en daaroor begin broei: *"Miskien as ek meer geld gemaak het, as ek langer was, as ek vir haar meer geskenke gekoop het, haar op meer vakansies gevat het, sou sy my nie gelos het nie."*

John se hart was gebroke, hy het seer gehad, hy was depressief en mismoedig. Hy wou nie hierdie werklikheid gehad het nie—hy wou sy ou lewe terughê, die lewe waarin sy vrou hom liefgehad het en lojaal was.

Maar hy was nie eerlik met homself nie.



In plaas daarvan om die waarheid te herken en daardeur te werk—dat sy vrou se keuses 'n weerspieëling van haar karakter is en nie van syne nie—was John besig om sy gebroke hart te infekteer met verdraaiings oor homself wat nóg meer pyn veroorsaak het en genesing verhinder het.

John het dit gedoen omdat hy die verlies ongedaan wou maak. Hy wou tyd terugdraai. Hy wou sy vrou terughê. Op 'n onderbewuste vlak het hy die waarheid, die werklikheid, geweet: dat die enigste persoon wat die krag gehad het om homself te kon verander, hyself was. So, eerder as om eerlik te wees dat sy vrou se gedrag 'n openbaring van haar onbetroubare karakter is, het

hy maniere begin uitdink watter dinge hy in homself kan verander om die verlies om te keer.

Maar fantasie, verbeelding, wense en hoop verander nie die werklikheid nie. John kon nie genees voordat hy eerlik met homself was nie.

Dit is die waarheid wat genees en vrymaak.

As jy seergekry het, as jy in pyn is, as jy iemand verloor het, hetsy deur egskedding of die dood, of as jy ander emosionele wonde opgedoen het, aanvaar die realiteit dat alle genesing met die waarheid begin. Wees eerlik met jouself, jou situasie en jou verlies, en maak die keuse om eerlik te wees—en die waarheid is dat die geskiedenis nie teruggedraai kan word nie, so kies om alles in jou vermoë te doen om genesing so vinnig as moontlik teweeg te bring.

En dit bring ons by nog 'n lewenswaarheid:

**Sodra daar 'n breuk of wond van enige aard is, is daar geen pynvrye opsies nie!**

Die enigste opsie is om te genees of nie te genees nie—en beide is pynlik.

Sodra 'n been gebreek is, kan dit nie ongebrek word nie; die geskiedenis kan nie teruggedraai word nie. Die enigste opsies is om te genees of nie te genees nie. Ongelukkig is die genesingsproses—spalk, operasie, fisioterapie—pynlik, maar *nie skadelik nie*.

Aan die ander kant, om die genesingsproses te weier omdat die proses seermaak, vermy nie pyn nie; dit laat jou in chroniese pyn *en* in 'n gestremde toestand.

Dieselfde met emosionele wonde. Sodra hulle bestaan, is daar geen pynvrye opsies nie. Die enigste opsie is om te genees of nie te genees nie—en beide is pynlik.

Die meeste mense met fisiese wonde besef dit intuïtief en sal die tydelike pyn wat met die genesingsproses gepaard gaan, verdra. Ongelukkig, wanneer dit by emosionele wonde kom, weier mense dikwels om die tydelike pyn wat met genesing gepaard gaan, te verdra—insluitend die pyn wat met eerlikheid saamgaan.



In plaas daarvan maak hulle keuses om die pyn te probeer vermy. Maar dit verleng net die lyding *en* lei na geestelike en emosionele gestremdheid.

## Verborgte Verliese

In die nadraai van 'n verlies is daar dikwels bykomende verliese wat agter die pyn van die primêre verlies wegkruip en wat mense sukkel om te herken en deur te werk. As hierdie verborge verliese nie aangespreek en opgelos

word nie, verhinder dit genesing. Verborgte verliese sluit dinge in soos verlies aan kontak met familie (skoonfamilie, stiefkinders), vriende of kerkfamilie; of die verlies van 'n huis, sosiale rolle of lewenstyl.

Wanneer 'n eggenoot sterf, rou die oorblywende maat nie net oor die fisiese verlies nie, maar moet ook die verlies van hul rol in die familie verwerk—die hartseer om nie meer 'n man of 'n vrou van 'n lewensmaat te wees nie. Ander kan, bo en behalwe die verlies van die maat self, kontak met stiefkinders of skoonfamilie verloor, wat die rouproses vererger. Vanweë finansiële verlies is ander dalk gedwing om te rou oor die vakansies wat hulle nie meer kan bekostig nie of oor die huis waarin hulle saam met hul maat gewoon het.

Genesing vereis dat ons eerlik is oor die realiteit van hoe, dit wat ons verloor het, ons lewens verander het; en dat ons ook oor hierdie addisionele verliese rou en ons dan weer herbelê in die soeke na betekenis en doel in ons nuwe omstandighede.

## Botsende Emosies en Valse Skuld

Nog 'n leuen wat die hart van 'n treurende mens kan infekteer en valse skuldgevoelens kan

aanwakker, kom uit botsende emosies wat ervaar word nadat 'n geliefde na 'n lang, pynlike en uitputtende mediese aftakeling sterf—soos 'n maat wat aan kanker of Alzheimer sterf.

Soms is die rou oor die verlies van die familielid vermeng met 'n onverwagte gevoel van verligting. As hierdie botsende emosies nie versigtig uitmekaar gehaal en eerlik verwerk word nie, kan die emosie van verligting veroorsaak dat mens valse skuldgevoelens ontwikkel: *“Hoe kan ek verlig wees dat my ma dood is? Ek is die slegste dogter ooit.”*



Maar die waarheid is dat die verligting nie kom omdat die geliefde dood is nie; dit kom omdat jy weet dat jou geliefde nie meer ly nie en omdat jy self nou kan rus, dat jy nie meer die swaar las dra om vir hom/haar te sorg nie, om te sien hoe, ongeag hoeveel liefde, sorg en behandeling gegee word, hulle stadig maar seker agteruitgaan.

Ja, jy is lief vir hulle. Ja, jy sal hulle mis. Ja, jy rou.

Maar dit is net so waar dat dit 'n verligting is dat hulle nie meer ly nie en dat die las van jou skouers afgehaal is. Moenie hierdie gevoel van verligting verwar met die leuen dat jy jou geliefde dood gewens het nie!

Ek het baie pasiënte gehad wat vasgevang was in hierdie strik. Ek vra hulle dan:

*“As jou geliefde nog geleef het, en ek het twee knoppies teen die muur gehad—as jy die een druk, word jou geliefde volkome gesond en herstel tot 'n sprankelende lewe; as jy die ander een druk, sterf hulle—watter knoppie sou jy druk?”*

Wanneer hulle onmiddellik sê dat hulle die knoppie sal druk wat hul geliefde gesond maak, besef hulle die waarheid: hulle is nie bly oor hul geliefde se dood nie en het dit nooit gewens nie. Hulle is eerder verlig dat die lyding verby is. Hierdie waarheid bevry hulle van die valse skuldgevoelens, wat hulle geglo het dat hulle gewens het hulle geliefde moet sterf, wat hul emosionele wond “geïnfekteer” het. Nou is hulle vry om oor die verlies te treur en hul hart te laat genees.

Wanneer ons treur, is dit belangrik om eerlik te wees oor die omvang en aard van dit waaroor ons rou. Weier om leuens te glo. Kom tot terme met die nuwe realiteit van jou bestaan—dit kan 'n baie pynlike proses wees.

Maar om die waarheid te vermy omdat dit pynlik is, sal nie genesing bring nie.

As jy van verlies wil genees, om jou gebroke hart te genees, lees verder—maar verstaan eers dat genesing slegs moontlik is as jy kies om die ongemak te verdra wat daarmee gepaard gaan om die werklikheid van jou verlies in die gesig te staar—wat ons bring by stap twee ...



## STAP TWEE

Staan jou man en moenie weg-hardloop nie, selfs al is dit pynlik.

### Dit is 'n natuurlike reaksie

om van pynlike stimuli weg te ruk—soos wanneer jy 'n warm stoof aanraak. Maar dieselfde reaksie, as dit nie intelligent teengestaan word nie, sal maak dat ons selfs van iemand sal wegtrek wat besig is om ons te help, as dit wat hulle doen ons seermaak.

Toe ek as intern in 'n noodeenheid gewerk het, het pasiënte gereeld opgedaag met simptome van blindedermonsteking. Hulle het geweet iets is verkeerd, want hulle het pyn gehad. Hulle was bang en wou hulp hê; daarom het hulle na die NOOD EENHEID gekom!

Maar in byna elke geval, wanneer die chirurg wat hulle kon help, hul maag ondersoek het deur daarop te druk om 'n akkurate diagnose te maak, het die pasiënt se hand refleksief beweeg om die chirurg se hande weg te stoot. Hoekom dit doen as hulle hulp wou hê?

Omdat dit seergemaak het om die waarheid van die probleem te ontdek! En ons wil natuurlik dinge wat seermaak, vermy, selfs wanneer ons wêet die proses is goed vir ons—soos om 'n diagnose te bevestig wat tot lewensreddende sorg kan lei. (Onthou Joe?)



Dieselfde gebeur in die gesig van emosionele verlies.

Ons wil nie seerkry nie; ons wil nie ly nie. Ons wil heel en gesond wees; ons wil hulp hê. Ons weet dalk selfs dat ons die verlies nie kan ongedaan maak nie en dat ons eerlik met onself moet wees. Tog hardloop baie mense weg van die waarheid om tydelike pyn te vermy.

Sommige vlug na alkohol of dwelms, ander na 'n reeks verhoudings, ander begrawe hulself in werk, en ander erval

in wanhoop. Maar te dikwels, wanneer mense verlies in die gesig staar, hardloop hulle eerder weg en probeer die pyn verdoof in plaas daarvan om te bly staan en die wond so effektief as moontlik te laat genees.

Dit was een van Jessica se probleme.



Ons het ontdek dat sy, in haar rou, eerder as om die waarheid te verwerk, van die werklikheid probeer wegvlug het deur ontkenning, valse idees van selfblaam te vorm en skuld te *voel*. Haar skuldgevoelens het haar verkeerde idees versterk en vergroot. Dit het gebeur omdat sy nie die waarheid wou aanvaar nie; sy wou nie hê die werklikheid moes wees soos dit is nie; sy wou nie 'n lewe sonder haar man hê nie.

In hierdie ontkenning van haar verlies, het sy onbewustelik probeer om die verlies ongedaan te maak; in plaas daarvan om dit te aanvaar en te verwerk, het sy probeer om dit reg te maak—deur in haar geval die skuld en verantwoordelikheid vir haar man se onverwagte aritmie op haarself te neem. Sy het van die waarheid weggehardloop deur haarself valslik te blameer.



As ons wil genees, móét ons eerlik wees, en móét ons ons posisie handhaaf en nie van die pyn weghardloop nie.

Terwyl ons staan en nie vlug nie, eerlik is oor ons situasie, ons wonde, ons verlies en eerlik is oor wat ons voel, moet ons terselfdertyd nie toelaat dat ons gevoelens bepaal wat waar is—wat ons oor die gebeure glo, watter betekenis dit vir ons lewe het en watter impak ons verlies op ons gaan hê nie.

In plaas daarvan bou ons ons oortuigings op die waarheid, wat lei tot nog 'n lewenswaarheid:

### **Pyn is onvermydelik—maar ellende is opsioneel!**

In hierdie sondige wêreld ondervind almal pyn—dit is onvermydelik; dit kan nie vermy word nie.

Maar pyn kan verwerk word.

Ellende, aan die ander kant, is amper altyd opsioneel—met ander woorde, as ons in ellende lewe, is dit byna altyd omdat óns dit kies. En die rede waarom mense ellende kies bo genesing, is byna altyd omdat hulle pyn probeer vermy—*hulle hardloop weg van 'n pynlike waarheid!*

Wat mense in ellende hou, is hul onwilligheid om die waarheid in die gesig te staar; en wat hulle keer om met daardie waarheid te werk, is dat, as hulle dit aanvaar, dit eers pyn sal veroorsaak. So, in 'n poging om tydelike pyn te vermy, kies hulle om in 'n ellendige situasie te bly.

Dink aan 'n abses—'n sakkie etter—soos wanneer 'n tand ontsteek.

Die abses is rooi, warm en pynlik, en sal stadig groei en versprei totdat dit die hele liggaam infekteer (sepsis), tensy dit behandel word. Die behandeling van 'n abses is om dit oop te sny en te dreineer.

Hierdie behandeling veroorsaak vir 'n kort rukkie, dikwels minder as 'n minuut, 'n skerp toename in pyn—maar dit is die enigste pad na genesing.

As 'n pasiënt dit weet, maar weier om die abses oop te laat sny bloot om die intense, maar kortstondige pyn te vermy wat met die eerste stap van genesing gepaard gaan, dan kies hy om die wond te laat veretter en versprei, wat net in ellende sal eindig. Hy kies ellende!

Dit is 'n perfekte illustrasie vir die “emosionele absesse” wat in ons denke sweer. Om ons gemoed te genees, vereis dat ons hierdie emosionele wonde oopmaak en eerlik daardeur werk (deur die etter te laat dreineer), maar om dit te doen, veroorsaak korttermyn verhoogde pyn en ongemak.

Ongelukkig probeer baie mense juis hierdie tydelike pyn van genesing vermy, wat net tot chroniese disfunksie, hartseer en ellende lei.

Dink aan 'n man wie se vrou herhaaldelik ontrou is aan hom, of 'n vrou wie se man gewelddadig is. As hulle die waarheid ontken en verskonings vir hul eggenoot maak, kies hulle om in 'n ellendige, vreesbevange, onveilige, onstabiele en liefdelose huwelik te bly.

Hoekom? Omdat om die waarheid te aanvaar, hulle sou vereis om op te tree—wat byna seker die huwelik sou beëindig. Maar dit sou pyn, verlies en rou bring; so, om die pyn van egskending te vermy, vermy hulle die genesingsproses en bly chronies ellendig.

Om jou rou en verlies in die gesig te staar, maak seer, so die natuurlike reaksie is om weg te hardloop—maar om van jou rou weg te vlug, bring nie genesing nie.

Diegene wat weghardloop, rapporteer dikwels dat hulle maklik “getrigger” word en oorweldig voel,

dat hulle ineens stort op ongeleë tye. Skynbaar “uit die bloute” spoel golwe van rou oor hulle en hulle bars in trane uit en vlug. Ons rou kom wél in golwe.

Dink aan die branders by die see. As ons daarvan af weghardloop, vang hulle ons van agter en slaan ons plat. Maar as ons in daardie selfde branders inleun en op ons plek bly staan, kan ons, al word ons nat, op ons voete bly.

Hardloop jy van die golwe van rou weg, sal dit jou elke keer omstamp.

Wanneer jy “ons liedjie” hoor, “sy baadjie” of “haar rok” sien, 'n spesifieke kos ruik of 'n besoek kry van 'n gemeenskaplike vriend, roep daardie andersins neutrale prikkels die herinneringe terug, raak dit aan die verlies en laat dit die



golwe van rou oor jou kom—en jy voel jy móét vlug, mense of dinge vermy of isoleer net om alles bymekaar te probeer te hou.

Maar dit maak dinge net erger.

In plaas daarvan om weg te hol, wat genesing net verhinder, staan jou man en leun teen die branders in.

Ons kan teen die golwe inleun deur doelbewus daaglik tydens daarvoor te skeduleer. Sit elke dag 15 tot 30-minute opsy om spesifiek te stop, in te leun en die verlies in die gesig te staar. Dit is vir die meeste mense genoeg!

Ek sê vir my pasiënte om hierdie tyd te kies wanneer hulle alleen by die huis kan wees. Ek wil hê hulle moet vry wees om te huil as hulle moet huil, te snik as hulle moet snik.

En as die pyn só erg is dat hulle iets wil slaan, gee ek vir hulle toestemming om hul matras te slaan—maar dit is al wat hulle mag slaan.

Dan, wanneer hulle daardie lied hoor, daardie baadjie of rok sien, of daardie bekende parfuur ruik wat die rou na vore bring, is hulle in staat om vir hulself te sê: *“Vanaand, in my 30 minute, gaan ek daardie lied speel, daardie baadjie uithaal, daardie parfuur ruik en dit rêrig ervaar.”*

Om hierdie treur-oefening te doen, stel hulle in staat om, in plaas daarvan om op daardie oomblik inmekaar te stort, kan hulle selfbeheersing behou; hulle weet hulle hardloop nie van die pyn weg nie, maar spreek eerlik hul hart se wonde aktief en doeltreffend aan.

Aanvanklik is hierdie oefeninge byna uitsluitlik bevrydend—die uitlaat van pynlike emosies, huil, eerlike rou, die toelaat dat jy die verlies voel en dit eerlik ervaar.

Maar baie gou beweeg dit verder as net emosionele ontlading na die verwerking van die betekenis van die verlies: nadenke oor die waarheid van wie en wat verloor is, die impak op jou lewe, watter veranderings nodig is om te genees, wat behou moet word en wat gelos moet word, en die herbepaling van lewensdoelwitte, sin en visie vir die toekoms.

Op ’n stadium besef elke pasiënt dat hulle besig is om te genees, dat hulle nie meer emosioneel so rou is nie en dat hulle nie meer daaglik hierdie oefeninge hoef te doen nie—nou net elke tweede dag, dan weekliks, dan maandeliks, en uiteindelik selde of ooit.

Die enigste manier om te genees, is om deur die verlies te werk.

Ons ignoreer nie ons gevoelens nie; ons onderdruk dit nie; ons infekteer ons wonde nie met leuens en verdraaiings nie; maar ons staan ons man en hanteer ons gevoelens in die lig van die waarheid.

As jy wil genees, moet jy,

Stap Een: Wees eerlik.

Stap Twee: Staan jou man en moenie weghardloop nie, selfs al is dit pynlik.

En dit lei ons na stap drie . . .



## STAP DRIE

### Verbreed jou perspektief.

**‘n Predikantsvriend** van my het in die 1950’s op ’n plaas in die Bo-Peninsula van Michigan grootgeword. Dit was ’n stil, landelike area met groot afstande tussen die familieplase, maar die bure was vriendelik en almal het mekaar op die naam geken. Sy naaste bure het verskeie kinders gehad. Die jongste, Bobby, was vyf toe die volgende gebeur het.

Dit was algemeen dat seuns wat op plase grootword, op ’n baie jong ouderdom begin werk. Dit was niks vreemd om ’n 12-jarige op ’n trekker te sien nie, besig om lande te ploeg of voer vir die beeste te gee nie. Maar as ’n reël is vyfjarige kinders nie naby die plaasimplimente toegelaat nie.

Van kleins af was Bobby moeilik. As baba was hy ontroosbaar; as kleuter het hy gereeld woede buie gehad; en as kind was hy buite beheer. Wanneer hy gesê is om sy speelgoed op te tel, het hy dit nie gedoen nie of dit met teenpraat gedoen. Hy is gereeld betrap dat hy koekies of lekkers tussen etes steel, en hy het dikwels speelgoed gevat wat nie syne was nie. Sy ouers het hom herhaaldelik beveel om nooit, maar nóoit, naby die plaasimplimente te speel nie. Hulle het hom selfs met pak slae gedreig as hulle hom ooit naby die gevaarlike masjinerie sou vang—’n dreigement wat hulle meer as een keer moes uitvoer. Maar Bobby was ’n onbeheerbare, ongehoorsame kind.

Eendag toe my vriend 15 was, het hy, terwyl hy in die lande gewerk het, die boodskap gekry: “Bobby is beseer. Die bure vra dat ons kom en vir hom bid.” Bobby het rondgespeel tussen die plaasimplimente en ernstige, lewensgevaarlike beserings opgedoen. In die 1950’s in die Bo-Peninsula was daar geen 911 om te skakel nie, geen Lewensreddende-helikopter om uit die lug neer te daal nie, geen nooddienste wat naby gestasioneer was nie; die familie het net gedoen wat hulle geweet het om te doen. Hulle het die bure geroep, in ’n gebedskring om Bobby gaan staan en vir God se ingryping gesmeek.

My vriend onthou daardie dag helder. Een vir een het buurman na buurman vir Bobby gebid—’n gebed wat so iets geklink het: “Here, Bobby is beseer. Sy lewe hang aan ’n draadjie. Ons weet U kan genees, U kan herstel, U kan sy lewe red. Ons kom nou nederig na U en vra, as dit U wil is, herstel asseblief Bobby se gesondheid.” Gebed na gebed het so geëindig: “As dit U wil is, laat U



wil geskied . . .”

Toe was dit Bobby se ma se beurt om te bid. Sy het eenvoudig gesê: “God, ek gee nie om wat U wil is nie. As U nie my seun genees nie, sal ek nooit weer met U praat nie.”

Wat daarna gebeur het, is geskiedenis, so ek vertel dit net soos dit is. Bobby het oorleef en grootgeword om ’n groot las vir daardie familie en gemeenskap te wees. Hy was voortdurend in die moeilikheid, ongehoorsaam teenoor sy ouers en opstandig op skool. Hy het by vandalisme, wangedrag en klein diefstal betrokke geraak, asook by alkohol en dwelms. Hy het geld en eiendom van sy ouers en bure gesteel, dit verpand vir dwelms en was sy hele lewe lank in en uit die tronk.

Ons het nie tans die voorreg om met volmaakte, ewige insig te sien nie. Ons weet nie of God ingegryp het om Bobby te red, en of hy op sy eie herstel het nie. Maar hierdie verhaal gee vir ons die geleentheid om vrae te vra, moontlikhede te verken en om die lewe vanuit ’n breër perspektief te beskou.

Hoekom was Bobby, op vyfjarige ouderdom, in ’n lewensgevaarlike situasie? Het God sy lewe in gevaar gestel, of was sy beserings die direkte gevolg van sy eie optrede? Is dit moontlik dat God toegelaat het dat Bobby se lewe gered word? Is dit moontlik dat God die hart van sy ma geken het en geweet het sy sou haar hart vir Hom sluit as Hy Bobby nie red nie, en dat God haar nie wou verloor nie, en daarom ingegryp het? Is dit moontlik dat, as die ma God vertrou het en gebid het: “God, ek wil nie my seun verloor nie, maar ek ken nie die toekoms nie. Ek weet nie hoe die lewe gaan ontvou nie; ek weet nie wat die beste is nie. Maar ek wéét U doen altyd wat die beste is. Vader, ek vertrou U. Genees my seun asseblief as dit U wil is,” Bobby dalk nie sou oorleef het nie? Is dit moontlik dat sy oorlewing voortgespruit het uit ’n gebrek aan vertroue in God en nie uit ’n groot vertroue in God nie? As die ma God vertrou het, is dit moontlik dat die Almagtige, wat die toekoms ken, dalk nie sou ingryp om Bobby te red nie, maar toegelaat het dat hy aan die natuurlike gevolge van sy beserings sterf—en sodoende jare se hartseer vir baie mense, insluitend vir Bobby self, gespaar het?

Ons weet nie of God wel ingegryp het om Bobby te red nie, maar hierdie verhaal gee ons die geleentheid om ’n tree terug te staan en ons perspektief te verbreed wanneer ons met pyn, trauma en verlies in ons eie lewe te doen kry (Jennings, T., *The God-Shaped Brain: How Changing Your View of God Transforms Your Life*, InterVarsity Press, 2013, Downers Grove Illinois, bl. 134–136).



Om ons perspektief te verbreed beteken nie dat ons nie rou nie—ons dóén en móét rou. Maar dit stel ons in staat om die verlies te verstaan en te aanvaar op ’n manier wat ons geloof versterk, eerder as om dit te ondermyn. Om ons perspektief te verbreed, is ’n geleentheid om God in die donker tye te vertrou en vir ons hemelse Vader te sê:

Ek weet nie hoekom dit gebeur het nie, maar ek weet U is goed. Ek vertrou U, Here. Ek weet U sal my deur hierdie ding dra, selfs al verstaan ek nie hoekom dit gebeur het nie. Soos ek na U kyk, as dit U wil is, vra ek dat U my verstand sal oopmaak sodat ek hierdie gebeure in harmonie met U perspektief kan verstaan, en dat U my insig sal gee wat my sal help om te genees.

Ek het gesien hoe Harold presies dit ervaar het te midde van ongelooflike pyn. Hy was ’n stil, 37-jarige man wat vir psigiatriese evaluasie deur sy onkoloog na my verwys is weens moontlike depressie wat met eindtyd-kwessies rondom sy lewe verband hou.

Harold was besig om te sterf. ’n Paar maande tevore is hy met ’n aggressiewe slukdermkanker gediagnoseer. Alhoewel hy behandeling ontvang het, was sy prognose swak.

Toe ek Harold ontmoet, het hy met vrees geworstel. Hy wou nie sterf nie. Hy het my vertel dat hy ’n lewenslange Christen is, dat hy God liefhet en net nie kan verstaan hoe dit met hóm kan gebeur nie. Hy het na ’n wonderwerk gesmag en selfs sy ouderlinge laat kom om vir hom te bid en hom met olie te salf, maar sy toestand het nie verbeter nie. Hy het erken dat hy in versoeking is om te twyfel: “Hoekom gebeur dit met my? Is God nie lief genoeg vir my om my te genees nie? Is my geloof nie sterk genoeg nie?”

Maar toe is Harold se perspektief verbreed.

Ek het hom gehelp om die baie stories in die Skrif te onthou van God se getroue vriende wat onder die onreg van sonde gely het—hetsy siekte of vervolging. Harold het besef dat, hoewel sommige van God se mense gered is, baie nie gered is nie. Hy het nagedink oor die lewens van Josef, Daniël, Jeremia, Johannes die Doper, Stefanus, Paulus en natuurlik Job.

Soos Harold oor hierdie lydende knegte nadink, besef hy dat God soms mense nodig het wat Hom soveel vertrou dat Hy op sy beurt hulle kan vertrou om in die moeilike plekke in te gaan en die lig van sy liefde en waarheid te laat skyn—sodat God, terwyl hulle deur die storms, pyn en verlies wat hierdie sondige wêreld bring, gaan, ander mense met die evangelie kan bereik wat andersins nooit bereik sou word nie.

Hy onthou Paulus se bemoedigende en perspektiefverbredende woorde:

Soms lyk dit vir my of God aan ons wat apostels is, die heel agterste plek in die prosesie toegeken het. Ons is soos terdoodveroordeeltes wat in die arena moet sterf, ’n skouspel waarmee



die hele wêreld spot — engele sowel as mense (1 Korintiërs 4:9 NLV).

Harold het begin aanvaar dat God se gebrek aan 'n wondergenesing nie noodwendig 'n bewys is van 'n gebrek aan geloof aan sy kant nie, maar dat God dalk geweet het hy het nie 'n wonderwerk nodig om getrou te bly tot die einde nie.

Hoewel hierdie verskuiwing in perspektief nie sy kanker weggevat het nie, het dit sy hart verander. Sy vrees, ontmoediging en wanhoop het ligter geword namate hy sy lewe en sy uiteinde aan God toevertrou het.

Van daardie oomblik af het hy, in plaas daarvan om op homself en sy siekte te fokus, probeer om God se liefde met soveel mense as moontlik te deel. Hy het daarop gefokus om vir ander 'n bemoediging te wees.

Hy het navraag gedoen oor die families van sy dokters en verpleegsters en aangebied om saam met hulle te bid. Hy het tyd spandeer om sy familie en vriende te bemoedig en God se liefde met ander te deel, eerder as om net op sy eie lyding te fokus.

Voordat Harold gesterf het, is hy geseën om 'n antwoord te kry op sy vraag: “Hoekom ek, Here?”

